Somerset Wes Nagskuiling

Hierdie organisasie, ons naaste hulpbron in dié verband, bied ’n holistiese diens aan hawelose mense in die Helderbergkom en is geregistreer om 48 mans en 12 dames te huisves.

Haweloses het die voorreg van was, slaap en eetgeriewe. Daar is ook ’n maatskaplike werker vir intervensie beskikbaar .

Benodigdhede :

- Handoeke (oud/nuut)
- Toiletware soos seep, waslappe, tandepasta, tandeborsels, sjampoe en toiletpapier
- Waspoeier vir hand- en masjien was
- Skoonmaakmiddels
- Koorde/lyfbelde

Spreuke 31:20
“Kaf. Sy brei haar handpalms uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige”

ACVV Bright Lights

Hierdie organisasie bied ‘n ongelooflike diens vir kinders wat op straat woon. Hulle is ’n Invalsentrum wat ondersteuning bied aan 30 hoë risiko kinders (seuns en meisies) i.t.v verskeie programme en maatskaplike berading. Die ander deel is hul residensiële program waar hul skuiling bied vir 20 seuns tussen ouderdom 8 -18jr. wat leef of werk op straat. Hulle bied ook ’n opvoedkundige skoolprogram aan. Hul voorsien daagliks drie maaltye aan ongeveer 60 kinders.

Benodigdhede :

- Stampmielies/Rys/ hawermout en meiliemeel
- Pakkies Gedroogde Suikerbone/Sopmengsel/Gesplete ertjies/Soppoeier / vleisekstrak blokkies
- Blikkies Vis
- Margarien, Grondboontjiebotter
- Suiker/koffie
- Toiletware soos seep, anti-perspirant aanrol,waslappe, swart skoenpolitoer

ACVV Strand

Dit is die enigste statutêre welsynsorganisasie wat maatskaplike dienste in Gordonsbaai lewer. Hul bedieningsveld is wyd uitgebreid en gevalle vanaf dié Gemeente word ook na hulle verwys. Met befondsing en donasies wat drasties afneem en stygende versoeke om hulp, moet hul dikwels behoefdigdes (mense/gesinne) wegwys.

Benodigdhede :

- Rys/ Pastas
- Kookolie/koekmeel
- Koffie/Tee/Suiker
- Blikkieskos, grondboontjiebotter en kontfyt
- Tee/Koffie/Suiker /poeiermelk
- Oats /Mieliemeel
- Gedroogde produkte soos Soja/Lensies/Gesplete ertjies / soppoeier /Blokkies vleisekstrak
- Toiletware soos Anti-perspirant,sjampoe,tandepasta,seep
- Baba produkte/pap en melk

Die Ark-"Frail Care"

Hierdie is die afdeling vir verswakte bejaardes by die Ark Sentrum vir haweloses in Eersterivier.
Daar is tans 8 dames wat deur 2 versorgers na omgesien word, almal is deur hulle families verlaat en ook haweloos.

Benodigdhede :

- Toiletware soos waslappe, seep, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en toiletpapier
- Anti-perspirant/Lyfroom
- Waspoeier/Sunlight seep/Opwasmiddel
- Koffie, suiker, tee, boksies melk, melkpoeier, koekies en lekkernye

Sencit Resthaven Tehuis vir Bejaardes

Hierdie tehuis fokus op die behoeftige verswakte bejaarde. Hulle huisves ongeveer 42 bejaardes
en maak oorwegend staat op skenkings.

Benodigdhede :

- Koffie, tee, suiker, melk, melkpoeier, koekies
- Toiletware soos seep, tandepasta, anti-perspirant, sjampoe, weggooi skeermesse, lyfroom, baba poeier
- Savlon, Dettol
- Kits sop
- Droë bone
- Grondboontjie botter
- Konfyt
- Vis olie
- Volwasse doeke

VGK Rusthof

Die VGK Diens van Barmhartigheid bedryf ’n klub vir behoeftige bejaardes, tans ongeveer 22 wat deel uitmaak hiervan. Die fokus is om die nood in die gebied van Gustrow/Rusthof te verlig. Hul bied elke Donderdag ’n sopkombuis aan, waar kinders brood en koeldrank ontvang. Verder voorsien hulle kospakkies aan gesinne in nood.

Benodigdhede :

- Aanmaak koeldrank en koekies
- Pakkies gedroogde lensies, ertjies en sopmengsel
- Pakkies soja “vleis”
- Vleisekstrak blokkies
- Blikkieskos soos vis, vleis en groente
- Pakkies soppoeier
- Stampmielies
- Koffie/Tee/Suiker
- Toiletware soos seep, tandepasta en sjampoe

Helderberg Omgee

Helderberg Omgee is n halfweghuis vir ongeveer 12 mans wat herstel van verslawing aan dwelms en/of alkohol. Hulle word gehelp om die uitdagings van misbruik in die samelewing suksesvol op die lang termyn te bowe te kom.

Benodigdhede :

- Blikkieskos soos vis/vleis/groente
- Stampmielies
- Mieliemeel/Koekmeel
- Hawermoutpap
- Rys/Sout
- Koffie/Tee/Suiker/boksies melk



Moompie - Gordonsbaai Primêre Skool

Die Moompie projek het ten doel om die fisies en emosionele welsyn van die kinders te bevorder. Daar is tans ongeveer 16 kinders betrokke. Die Projek word “beman’ deur vrywillige “Moompie Mammas” .

Dit is dan ook deur hierdie betrokkenheid van die Moompie mammas waar die skool bewus word van kinders wat honger skool toe kom en met ander behoeftes. ‘n “Ontbythoekie” word vanuiit die skoolsaal se kombuis bedryf.

Benodigdhede:

- Weetbix, Hawermout en Mieliepap
- Suiker, sout en langlewe boksies melk
- Opwaslappies en afdroogdoeke
- Toiletware soos tandepaste, seep, sjampoe en aanrol/spuit anti-perspirant

U VOLGEHOUE ONDERSTEUNING, WORD OPREG WAARDEER!

DANKIE

NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Emmers van HOOP 2018

Liewe Lidmate

Deur u ondersteuning elke jaar, is dit vir ons ‘n dankbaarheid om aan te kondig dat hierdie jaar reeds die *12de Jaar* van *Emmers van Hoop* is.
U maak op ‘n tasbare manier ‘n verskil aan hulpbehoewende mense en instansies se omstandighede met u skenking.

Uiteengesit is die begunstigdes en alhoewel u steeds die keuse het vir wie u ‘n emmer/inkopiesak skenk, gaan ons ook by die bepaalde dienste voorstelle deurgee vir die eweredige verdeling.
Die benodigdhede lys is slegs voorstelle, u kan steeds gee wat u kan bekostig of graag sou wou gee.

U gevulde emmer of inkopiesak met ‘n inspirerende boodskap/nota kan vanaf 14 Mei 2018 tot 24 Mei2018 by die kerk voorportaal of lofsentrum ingehandig word.

Oorhandiging van die Emmers sal plaasvind by die Kerk (kusweg) en Lofsentrum op die eredienste te 27 Mei 2018 en by Summervale.

Waar daar ‘hoop’ is,
Is ‘Geloof’,
Waar ‘Geloof’ is,
Gebeur ‘Wonderwerke’!